# LES 05 ISRAEL WIL DIE HERE NIE LIEFHÊ NIE, MAAR NET TE KERE GAAN SOOS HULLE WIL.

## 1. Israel sê hulle sal die Here liefhê omdat Hy hulle bevry het.

Verlede week het ons gesien dat die Here wys vir sy kinders baie duidelik hoe hulle Hom moet liefhê. Die Here wys vir ons in die Tien Gebooie presies hoe ons Hom moet liefhê. Daarom hoef ons nie onseker te wees oor wat die Here van ons verwag nie. Ons hoef nooit te wonder oor hoe ons die Here moet liefhê nie. Hy sê en wys vir ons elke dag in die Tien Gebooie hoe om Hom lief te hê.

Die Here het hulle uit Egipte laat wegtrek van daardie boelie Farao en sy boeliemaats. Die Here het hulle beskerm en versorg en tot by die berg Sinaï laat trek waar Hy hulle gaan wys hoe om Hom lief te hê. Kyk hoe sê die Bybel dit:
Presies drie maande na hulle uittog uit Egipte het die Israeliete in die Sinaiwoestyn aangekom. 2 Nadat hulle
van Refidim af vertrek het, het hulle kamp opgeslaan in die Sinaiwoestyn, regoor die berg. 3 Moses het teen
die berg uitgeklim na God toe, en die Here het van die berg af na hom geroep: “So moet jy vir die nageslag
van Jakob sê, vir die Israeliete vertel: 4 ‘Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos
op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het. 5-6 As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond
hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n koninkryk wat My as priesters dien, en ’n gewyde nasie.
Die hele aarde behoort immers aan My. (Exodus 19)

Die Here wys die Israeliete dat Hy hulle vrygemaak het van die mag van die groot koning Farao sodat hulle die Here kan dien. Hulle kon nooit self uit Egipte wegtrek nie. Hulle was te bang en die koning was te sterk. Niemand anders het hulle gehelp om uit Egipte te trek nie. Al die ander volke en nasies was maar te bly dat dit die Israeliete is wat slawe is en nie hulle nie. Net die Here het hulle bevry uit die wrede mag van die Farao en hulle laat wegtrek na die land wat die Here vir hulle gegee het. Voor hulle nou in hierdie land intrek wys die Here hoe hulle Hom moet liefhê – en kyk wat antwoord hulle die Here: “7 Moses het toe afgeklim
en die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het. 8 Daarna
het die volk soos een man geantwoord: “Alles wat die Here gesê het, sal ons doen.” Moses het vir die Here
gaan sê wat die volk geantwoord het.(Exodus 19)

Hulle sê dat hulle die Here sal liefhê soos die Here vir hulle sal wys in die Tien Gebooie wat Hy vir Moses gaan gee!

## 2. Die Israeliete doen ’n verskriklike snaakse ding.

Maar nou gebeur daar ’n verskriklike snaakse ding! Kyk wat doen hulle nadat Moses weg is om die Tien Gebooie by die Here te gaan haal. Onthou, hulle het nou net gesê hulle wil nou die Here liefhê soos Hy vir hulle gaan wys omdat Hy hulle uit Egipte bevry het om nie meer slawe te wees nie.

Kyk wat gebeur!
“Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir
hom gesê: “Kom maak vir ons ’n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte
laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie.” 2 Aäron het hulle geantwoord: “Haal die
goue oorringe van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af en bring dit vir my.” 3 Die hele volk
het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. 4 Hy het dit van hulle ontvang, dit
verwerk en daarvan ’n beeld in die vorm van ’n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou

uit Egipte bevry het, Israel!" [5] Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: "Môre is daar fees vir die Here!" [6] Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan. (Exodus 32)

**3. Hulle doen die vreemdste ding op aarde**
Terwyl hulle moet wag dat Moses vir hulle kom wys hoe hulle die Here moet liefhê, gaan hulle na Aäron toe, dit is die man wat Moses altyd help, en hulle vra hom iets verskrikliks. Hulle vra vir hom om vir hulle 'n god te maak.

Wat se ding is dit hierdie wat hulle nou hier vra?

Wie maak vir wie? Is dit die Here wat ons maak of is dit ons wat die Here maak? Niemand kan mos ooit so dom wees om te sê dat ons die Here maak nie! Almal weet God maak alles! Daarom noem ons God die Skepper. Skep beteken om iets te maak wat nie voorheen bestaan het nie.

Hulle weet God het hulle gemaak. Hulle weet die Here het sorg vir hulle. Maar hulle vra vir Aäron om sommer gou-gou vir hulle 'n god te maak.

Dit is die vreemdste ding op aarde! Mense wat vir 'n ander mens vra om vir hulle sommer gou-gou 'n god te maak!

**4. Hulle wil die nuwe baas wees!**
Waar het hulle hierdie simpel ding gesien dat mense sommer self vir hulle gode maak? Dit is wat die Egiptenare gedoen het. Ons het gesien dat die Farao wil hê mense moet glo hulle maak sommer self gode! Elkeen in Egipte het sommer 'n god gemaak! Hulle maak 'n beeld van 'n padda en dan is die paddagod! Hulle maak 'n beeld van krokodil, dan is dit die krokodilgod! Hulle maak 'n beeld van 'n seekoei en dan is dit die seekoeigod! Hulle maak 'n beeld van bul 'n bul en dan is dit nou sommer skielik die bulgod!

Hoekom was die Farao so bly as die mense só maak? Want dit het hom die baas gemaak. As mense nie in die Here glo nie maar sommer glo paddas, krokodille, seekoeie en bulle is gode, dan is hy die eintlik regte god. Wie sê in Egipte wat mense moet doen? Kan paddas praat? Kan krokodille sê wat mense moet doen? Kan seekoeie vertel hoe jy die Here moet liefhê? Kan bulle vir jou wys hoe om die Here te dien?

Hulle kan nie. Daarom is die koning baas! Want net Hy kan praat en sê wat mense moet doen. En as Hy praat moet almal luister en alles doen wat Hy sê, want al die gode sê nie 'n dooie woord nie.

Hoekom sê die Israeliete vir Aäron hy moet net soos die Egiptenare maak en vir hulle 'n god maak?

Raai 'n bietjie? Wat gaan hierdie god wat hulle maak vir hulle sê om te doen? Kan die god wat hulle gaan maak iets sê? Hy gaan net mooi niks sê nie.

En dit is die rede vir hierdie verskriklike ding wat hulle doen. Dit is nie omdat hulle nie weet dat God hulle maak en dat dit nooit andersom kan werk nie. Mense kan nooit vir die Here maak nie! Hulle wil hê die Here moet net so stom en stil wees soos die gode van Egipte! Hulle wil hê die Here moet ook nooit iets sê nie. Hulle wil niks hoor na wat die Here sê nie. Hulle wil nie luister na wat die Here sê nie. Hulle wil die Here nie liefhê nie. Hulle wil net doen wat hulle wil.

Daarom maak hulle vir hulle 'n god wat nie kan praat nie. Dan kan hulle doen net wat hulle wil en die god moet maar net stilbly en niksdoen nie.

**5. Hulle maak asof die Here vir hulle niks gedoen het nie.**
Miskien kan hulle nog maak asof die Here niks kan sê nie. Hulle het mos nog nie die Tien Gebooie gekry nie! Maar wat maak hulle met alles wat die Here vir hulle gedoen het? Die Here het alles gedoen in die Tien plae. Hulle het nie eers gedink die Here kan sulke dinge doen nie. Die Here het die Nylrivier se water in bloed verander. Die Here het al die duisende paddas oor die aarde laat kom. Die Here het die bytmuggies en steekvlieë gemaak en in hulle miljoene oor die land laat kom. Die Here het die vee laat doodgaan en die land pikdonker gemaak!

En niemand het dit vir hulle vertel nie. Hulle het alles self gesien!

Kyk wat doen hulle!

Hulle vat al die goue ringe, oorbelle en ander juwele wat hulle het en maak 'n beeld van 'n bul. Dit was glad nie 'n baie groot bul nie. Dit was sommer so groot soos al die beeldjies wat mense in hulle sitkamers het.

Toe die beeld klaar gemaak is, kom hulle almal bymekaar by die god wat hulle sommer self gemaak het en hulle doen 'n nuwe geloofsbelydenis. 'n Geloofs-belydenis is wanneer ons saam hardop sê wat ons in ons harte glo: in die kerk sê ons altyd saam hardop dat ons glo in God die Almagtige Vader, in Jesus Christus sy Eniggebore Seun en die Heilige Gees en ons glo in alles wat die Here doen en vir ons gee.

Kyk hoe lyk hulle nuwe geloofsbelydenis: Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" Hulle sê openlik dat hulle glo dat hierdie goue beeldjie van 'n bul is die God wat hulle uit Egipte bevry het.

Hulle het 'n nuwe geloof vir hulle self gemaak. Hulle glo dat hierdie beeldjie het die Tien plae in Egipte veroorsaak. Hierdie beeldjie het hulle teen die weermag van Farao beskerm en hierdie beeldjie het die groot mag van die Farao gebreek – die beeldjie wat hulle nou net gemaak het en glad nie by was toe alles gebeur het nie!

**6. Die predikant verander die manier waarop hulle kerkhou.**

Aäron is in ons taal hulle predikant. Onthou! Hy was saam met Moses elke keer as die Here iets vir Moses vertel het. Hy het elke keer gesien hoe die Here ’n nuwe plaag teen die Egiptenare stuur. Hy weet Moses het net gou die Tien Gebooie by die Here gaan kry. Kyk wat maak hy!

Kyk wat sê Aäron nadat hulle die beeldjie gemaak het: môre is daar ’n fees vir die Here. Dit beteken dat hulle gaan ’n erediens hou. Hulle gaan kerk toe gaan en in die kerk feesvier. Aäron gaan nou kerkhou vir die mense soos hulle graag wil kerkhou. Hulle gaan nie meer na die Here luister en vir die Here dankie sê vir alles wat Hy vir hulle doen nie. Hulle gaan nou kerkhou net soos hulle wil.

Die volgende dag gaan hulle almal kerk toe en begin snaaks kerkhou: hulle dans in die kerk, trek hulle klere uit in die kerk en gaan losbandig te kere binne in die kerk. Dit beteken hulle skree, raas, klaphande, sing, drink en die mens en vrouens vry sommer openlik binne in die kerk!

Hoekom hou hulle so snaaks kerk? Want hulle god is nou net soos die gode van Egipte. Tjoepstil staan hy daar! Sê niks! Doen niks! En dit is presies net hoe die Israeliete dit wil hê! Die Here moet tjoepstil wees en bly wees as hulle te kere gaan soos hulle wil

**7. Hulle misbruik God!**
Hulle wil hê God moet hulle bevry en versorg, maar as God dit klaar gedoen het, dan maak hulle God stil! Dan maak hulle net soos die Egiptenare sommer ’n god wat stilbly sodat hulle kan te kere gaan binne en buite die kerk, net soos hulle wil.

Die woord vir hierdie vreemde en verskriklike ding wat hulle doen – is afgodsdiens. God moet alles vir mense doen, maar wanneer Hy alles doen wat net God alleen doen, dan maak hulle God stil! Hulle wil nie hoor hoe die Here sê hulle Hom moet liefhê nie. Daarom maak hulle ook sommer asof die Here dit nooit gedoen het nie, maar of hulle sommer self alles gedoen het wat die Here vir hulle gedoen het.

Dit is hoe afgodsdiens werk: God doen alles, maar mense maak Hom stil en gaan net te kere soos hulle wil. Hulle wil nie hoor hoe hulle die Here moet liefhê nie.

**Opdrag.**
Gaan vertel vir enige grootmens hoe verskriklik snaaks was die Israeliete: hulle maak asof die bulbeeltjie hulle uit Egipte bevry het. En dan sê julle vir hulle hoekom het hulle hierdie vreemde ding gedoen: hulle wil hê God moet stilbly! God moet nie vir hulle sê hoe hulle die Here moet liefhê nie!